

Bylae A3: Sertifikaat van onafhanklike bodbeslissing

Skole hoef nie hierdie vorm (Bylae A3) in te vul indien rekwisities op die Elektroniese Verkrygingstelsel (ePS) geadverteer word nie.

Ek, die ondergetekende, ter voorlegging van die meegaande kwotasie,

(nommer en beskrywing van kwotasie)

as antwoord op die boduitnodiging gemaak deur

(skool se naam)

verklaar hiermee dat die inligting en verklarings wat hierin vervat is in alle opsigte korrek, akkuraat en volledig is.

Ek verklaar die volgende namens

(naam van bieër)

1. Ek het die inhoud van hierdie sertifikaat gelees en verstaan dit.
2. Ek verstaan dat die meegaande bod gediskwalifiseer sal word indien bevind word dat hierdie sertifikaat nie in elke opsig korrek, akkuraat en volledig is nie.
3. Ek is deur die bieër gemagtig om hierdie sertifikaat te onderteken en die meegaande bod namens die bieër in te dien.
4. Elke persoon wie se handtekening op die meegaande bod verskyn, is deur die bieër gemagtig om die voorwaardes van die bod te bepaal en die bod namens die bieër te onderteken.
5. Vir die doel van hierdie sertifikaat en die meegaande bod, verstaan ek dat die woord "mededinger" enige individu of organisasie, die bieër uitgesluit, insluit wat met die bieër geaffilieer is al dan nie, en wat –
 - (a) versoek is om 'n bod as antwoord op hierdie boduitnodiging in te dien;

- (b) moontlik op grond van hul kwalifikasies, vermoëns of ervaring as antwoord op 'n boduitnodiging 'n bod mag indien; en
 - (c) dieselfde goedere en dienste as die bieder verskaf en/of in dieselfde veld as die bieder sake doen.
6. Die bieder het die meegaande bod onafhanklik, en sonder beraadslaging, kommunikasie, ooreenkomste of reëlins met enige mededinger, opgestel en ingedien. Kommunikasie tussen vennote in 'n gesamentlike onderneming of konsortium* sal egter nie as bedrieglike samespanning ten opsigte van die bod beskou word nie.
7. Daar was veral, sonder om die algemene strekking van paragraaf 6 hierbo te beperk, geen beraadslaging, kommunikasie, ooreenkomste of reëlins met enige mededinger nie, oor –
- (a) pryse;
 - (b) die geografiese gebied waar die produk of diens gelewer sal word (marktoekenning);
 - (c) metodes, faktore of formules wat gebruik is om pryse te bereken;
 - (d) die voorneme of besluit om 'n bod in te dien of nie in te dien nie;
 - (e) die indiening van 'n bod wat nie aan die spesifikasies of voorwaardes van die bod voldoen nie; of
 - (f) die maak van 'n bod met die voorneme om nie die bod te wen nie.
8. Voorts was daar geen beraadslagings, kommunikasie, ooreenkomste of reëlins met enige mededinger oor die gehalte, hoeveelhede, spesifikasies en voorwaardes of afleweringsbesonderhede van die produkte of dienste wat met hierdie boduitnodiging verband hou nie.
9. Die voorwaardes van die meegaande bod is nie, en sal nie, voor die datum en tyd van die amptelike bodopening of die toewysing van die kontrak regstreeks of onregstreeks deur die bieder aan enige mededinger bekend gemaak word nie.
10. Benewens en sonder benadeling van enige ander remedie wat verskaf is om enige beperkende praktyke ten opsigte van botte en kontrakte te bestry, is ek bewus daarvan dat botte wat verdag voorkom by die Mededingingskommissie vir ondersoek aangemeld mag word en vir die moontlike instelling van administratiewe strafmaatreëls ingevolge artikel 59 van die Wet op Mededinging, 1998 (Wet 89 van 1998), en/of by die Nasionale Vervolgingsgesag vir strafregtelike ondersoek aangemeld mag word en/of ingevolge die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet 12 van 2004), of enige ander toepaslike wetgewing, vir 'n tydperk wat nie 10 jaar oorskry nie, weerhou mag word om met die openbare sektor sake te doen.

Handtekening

Datum

Ampsbenaming

Naam van bieder

****"Gesamentlike onderneming" of "konsortium" dui op 'n vereniging van persone met die doel om hul kundigheid, eiendom, kapitaal, pogings, vaardighede en kennis saam te voeg in 'n aktiwiteit vir die nakoming van 'n kontrak.***